

Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 33

> *Dit gaan goed met jou, Israel! Wie is soos jy? Jy is ’n volk wat deur die Here verlos is! (vers 29)*

Moses, die geestelike vader van Israel, seën sy kinders, die stamme van Israel, voordat hy sterf. Dis byna soos ’n testament. Ons kry dieselfde gebruik by Isak (Gen 27) en Jakob

(Gen 49). Moses noem die volk “Jesurun”, Opregte (vers 5 en 26), ’n troetelnaam vir Israel, om daarmee sy innige verbondenheid met die volk te onderstreep.
In sy laaste woorde vat hy as ’t ware die kern van Israel se volk-wees saam (vers 29). Hulle is ’n volk wat deur die Here verlos is. Dít definieer hulle en onderskei hulle van alle ander volke op aarde.
Dit is steeds waar van ons, Christene, die nuwe volk van God. God het ons sy eiendom gemaak en Hy sorg vir ons. Hy het ons gekies en verlos deur sy Seun. Ons is sy kinders, en daarom is ons anders as alle ander mense op aarde. Dit is ons diepste identiteit. Ons is mense wat in die skadu van die kruis leef, verlos en saamgebind in ’n nuwe mensheid deur Jesus Christus.
Geen ander aardse lojaliteite mag vir ons belangriker wees nie, soos Paulus ons in Gal 3:28 herinner.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026